# Module 3 Toeristebesienswaardighede

## Oorsig

In hierdie module sal leerders leer oor baie interessante, mooi, spesiale en historiese besieningswaardighede en ikone orals in die wêreld, en hoekom hierdie toeriste-aantreklikhede is. Eerstens, sal hulle leer oor die verskille tussen 'n toeristebesienswaardigheid en 'n ikoon, en hoekom verskeie bekende terreine as ikone beskou word. Hulle sal ook leer oor die tipe toeriste wat verskillende ikone wil aanskou en die statistieke hieroor. Leerders sal dan 'n wêreldkaart sien wat aantoon waar dié verskillende ikone wat hulle bestudeer te vind is. Hulle sal ontdek hoe dié ikone lyk. Leerders sal ook 'n kort beskrywing lees van elkeen. Laastens sal hulle leer oor die faktore soos bemarking, goeie bestuur en aandag aan toeriste se behoeftes wat bydra tot die sukses van 'n toeristebesienswaardigheid en hoe om suksesvolle toeristebesiens-waardighede te identifiseer.

© Oxford University Press, Southern Africa 2013